

The First Sable Antelope; shot in the Cashan Mountains  
by William Cornwallis Harris (1836)

considerable risk due to the unsettled state of the Cashan country and he did indeed experience a number of vicissitudes, but eventually reached the Cape and lived to write 'The Wild Sports of Southern Africa'.

At the same time that Harris crossed the Vaal Hendrik Potgieter and Gerrit Maritz were gathering a commando of some one hundred Boers with which they set out for Mosega which they attacked on 3rd January 1837 and annihilated the Matabele there killing four hundred, destroying their kraals and recovering the Boer cattle and the Erasmus wagons.

In June the Zulus again and for the last time attacked the Matabele in the Marico area without significant success, and in October 1837 Hendrik Potgieter and Piet Uys led a larger commando of nearly four hundred mounted men against the Matabele reaching Mosega on 2nd November; they smashed Marapu's military settlement at Tshwenyane on 4th November and a second battle took place on the next day when the Matabele attacked the Boers at Maaierskop, but suffered severe losses. On 9th November the Boers attacked Mzilikazi's last stronghold at Gabeni on the Marico River which was defended by some twelve thousand warriors under Mzilikazi's personal command. The Boers won the battle and destroyed Gabeni; they followed the broken Matabele for two days until they disappeared through the Dwarsberg to the north. That was the end of the Matabele in the Cashan country and in the Transvaal as Mzilikazi realised he had lost control and took his surviving supporters northwards to Matabeleland in Rhodesia.

The departure of the Matabele meant that the Cashan country was now open to settlement by the Boers who trekked into the Transvaal in large numbers.


They settled in many places, particularly where there was good water, such as the Bronkhorsts at the Fountains, the source of the Apies River, and Daniel Elardus Erasmus at the confluence of the Hennops River and the Olifantsspruit on the farm which became known as Doornkloof. This farm was occupied in the late 1830's and a few years later, because it was the most conveniently situated for the holding of 'nagmaal', Doornkloof became the 'Kerkplaas' in about 1848 to serve the southern part of the Cashan country, approximately central in the Transvaal. It remained the 'Kerkplaas' until 1854 when Elandsport (which became Pretoria in 1855) took over this function.

The site of the original 'Kerkplaas' is about a kilometre north of the cave into which the Crocodile People fled in 1825 and is presently occupied by the Full Gospel Church which has its countrywide headquarters here at Irene. Little can be seen of the original Erasmus farmstead, but some of the stinkwood trees and stones of the cattle kraal remain to remind us of the stirring events of a century and a half ago.

D.G. VAN DER BYL

HIGHCLOUD, IRENE

3RD APRIL 1979



Doornkloof, the farm of D.E. Erasmus, site of the 'Kerkplaas'

(1848—1854)

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

# **GENL.-MAJ. GEORGE COX SE VERSLAG OOR DIE VERVOER EN UITLEWERING VAN BRITSE KRYGSGEVANGENIS VAN PRETORIA OOR VOLKSRUST NA CHARLESTOWN (1896)**

**Kol. dr. Jan Ploeger**

In ons vaderlandse geskiedenis sal die Jameson-inval (1895–1896) steeds 'n eersterangse gebeurtenis bly. C.J. Rhodes se poging om die Zuid-Afrikaansche Republiek in 'n selfregerende Britse kolonie te omskep het misluk terwyl dr. Jameson se invalsmag nie alleen op 'n suksesvolle wyse gekeer is nie, maar ook tydelik in Transvaalse krygsgevangeskap geraak het. Dr. L.S. Jameson en sy offisiere is deur Staatspresident S.J.P. Kruger aan Engeland uitgelever om gestraf te word. Voorlopig was die voortbestaan van die Zuid-Afrikaansche Republiek gerед.

Dit is dan, kortliks, die agtergrond van die opspraakwekkende gebeure in 1895 en 1896.

## **Genl.-maj. George Cox se sending na Pretoria**

Wat minder bekend is, is wat in verband met die uitlewering van die Britse krygsgevangenes geskied het. Dit vorm, gedeeltelik altans, terselfdertyd ook 'n deel van die geskiedenis van Pretoria.

Op 10 Januarie 1896 het genl.-maj. George Cox, bevelhebber van die Britse magte in Natal en Zoeloeland, opdrag van die destydse Britse goewerneur van Natal, sir Walter Hely-Hutchinson (1896–1901), ontvang om hom na Pretoria te vergesel om in die Transvaalse hoofstad reëlings te probeer tref in verband met die uitlewering van die Britse krygsgevangenes. Die oorspronklike opdrag in dié verband het van die destydse Britse Hoë Kommissaris sir Hercules Robinson (1895–1897) uitgegaan en kort na die middaguur van dieselfde dag is die goewerneur en genl.-maj. Cox met 'n spesiale trein van

Pietermaritzburg op pad na Pretoria. Op Roodekop, in Transvaal, het twee treine vol krygsgevangenes, wat deur gewapende burgers begelei was, die spesiale trein verbygestoom. Op die volgende stasie, aldus genl.-maj. Cox in sy verslag, het die Natalse besoekers 'n vyftigtal lede van die Pretoriase Vrywilligerkorps, onder bevel van die bekende kommandant Melt Marais ontmoet. Kmdt. Marais het aangebied om die hoë besoekers met sy vrywilligers na Pretoria te begelei. Hierdie aanbod is in dank aanvaar. Tewens het kmdt. Marais verklaar dat hy, op die stasie waar hy sy besoekers ontmoet het, die reeds vermelde krygsgevangenes aan die sorg van 'n groep burgers oorgedra het wat die gevangenes tot Volksrust sou begelei. Daar sou hulle, ongeveer 430, bly vertoeft tot tyd en wyl die Natalse outhouers hulle sou oorneem.

Die goewerneur en genl.-maj. Cox het op 11 Januarie 1896 op Pretoria aangekom.

### Die Natalse besoekers te Pretoria

Die goewerneur en genl.-maj. Cox het, na hul aankoms op Pretoria, allereers die hele aangeleentheid aangaande die uitlewering van die krygsgevangenes met sir Hercules Robinson bespreek. Daarna het genl.-maj. Cox sy op wagting by genl. P.J. Joubert, kommandant-generaal van die Zuid-Afrikaansche Republiek, gemaak om die doel van sy koms te verduidelik. In verband met dié daaruit voortvloeiende bespreking het genl.-maj. Cox o.m. aangeteken:

"General Joubert expressed his regret at the unfortunate events which had just happened and said that personally he had no desire to try the prisoners. I fancy in saying this he referred to the Rank and File more particularly, and not to the leaders."

Die volgende dag het genl.-maj. Cox instruksies opgestel in verband met die oornname van die krygsgevangenes op die Transvaalse-Natalse grens, naby Volksrust. Sir Hercules en die goewerneur het die instruksies goedgekeur en om 18h00 op 13 Januarie 1896 het Staatspresident Kruger sowel genl.-maj. Cox as die Britse Agent, sir Jacobus de Wet, ontvang. Laasgenoemde het as tolk opgetree en uit sy mond het genl.-maj. Cox verneem wat die Staatspresident van die inval gedink het. Genl.-maj. Cox het die Staatspresident se woorde later soos volg opgesom:

"His Honor expressed his surprise and indignation that such a dastardly attempt to invade his territory should have been made by white men."

Op hierdie ontboesemming het genl.-maj. Cox soos volg gereageer:

"I replied that, as a soldier, I could not but admire the rapidity with which his Burghers had been mobilized and placed in the field to repel the attack."

Die volgende dag, om 10h30, het genl.-maj. Cox verneem dat daar 'n ooreenkoms bereik is met betrekking tot die krygsgevangenes. Sy eerste reaksie was om, telegrafies, ruim 100 Britse troepe van Pietermaritzburg te gelas om na Charlestown te vertrek om die krygsgevangenes op die Transvaals-Natalse grens van die Transvalers oor te neem. Volgens hom was daar ongeveer 430 offisiere en manskappe en 'n veertigtal nie-blanke wadrywers en bediendes by die oordrag betrokke.

### Terug na Natal

Om 18h45 van die reeds genoemde dag het die goewerneur en genl.-maj. Cox met die Hoë Kommissaris se trein na Elandsfontein vertrek. Daar het hulle met die goewerneur se spesiale trein na Volksrust afgereis waar hulle om 09h00 van die volgende dag aangekom het.

Besprekings met landdros C.L. Scheffer, van Utrecht, wat die krygsgevangenes onder sy hoede gehad het, het gevolg en 'n halfuur later het die twee Britse gesagsdraers op Charlestown aangekom. Kort daarna het die Britse troepe van Pietermaritzburg op Charlestown aangekom.

Genl.-maj. Cox is terug na Volksrust om vas te stel hoeveel krygsgevangenes daar aanwesig was en om hulle handtekeninge te bekom onder 'n verklaring dat hulle belowe om deur Natal na Engeland af te reis, dat hulle geen vrae oor die wettigheid van hulle gevangeskap sal stel nie en geen pogings tot onvlugting sal onderneem nie.

Merkwaardig genoeg kon landdros Scheffer geen noukeurige opgaaf aangaande die aantal krygsgevangenes verstrek nie. Offisiere en onder-offisiere het 'n helpende hand gebied. Die krygsgevangenes was in 'n drietal goedereloodse by die stasie gehuisves en hoofinspekteur Bodle het aan die generaal-majoor meegedeel dat, nadat twee troepe van die "Bechuanaland Border Police" op Malmani by dr. Jameson aangesluit het, die sterke van die invalsmag 504 was. By hierdie aantal was 41 nie-blanke wadrywers en bediendes nie ingesluit nie.

Volgens hoofinspekteur Bodle was daar 18 gesneuweldes en 40 gewondes. Die gewondes was nog op Pretoria en Krugersdorp. Verder was daar 28

vermistes en 6 (t.w. dr. Jameson en sy hoofoffisiere) op Pretoria. Op Volksrust was 412 krygsgevangenes.

### Die oorname

Lt. J. Beresford, van die 7 *Hussars*, is herhaaldelik na Volksrust om krygsgevangenes van klere te voorsien. Op 18.1.1896 het genl.-maj. Cox die nie-blankes oorgeneem. Hulle het per trein op Charlestown aangekom en is aan die sorg van die *Natal Police* toevertrou. Hulle het hul agterstallige soldy van die B.S.A.C. ontvang en is daarna huistoe gestuur. Die meeste van hulle was van die Kaapkolonie afkomstig.

Om 18h30 (20 Januarie 1896) is genl.-maj. Cox met 'n spesiale trein na Volksrust om dr. Jameson, sir John Willoughby, kol. H. White, kol. Grey, maj. R. White, maj. Stracey en maj. Crosse die reeds vermelde verklaring te laat onderteken. Hierdie groepie het, met agterlating van die siek maj. C.J. Coventry, kort tevore op Volksrust aangekom. Verder is 'n agtal Britse offisiere, wat sedert 11 Januarie 1896 op Volksrust was, met dieselfde spesiale trein van Volksrust na die grens. Kmdt. Melt Marais en sy mede-vrywilligers is met die trein tot op die grens waar die burgers deur genl.-maj. Cox begroet is.

Op 23 Januarie 1896 is daar, aldus genl.-maj. Cox, nog 425 krygsgevangenes in ontvangs geneem. Aan die Transvaalse kant van die grens was daar 'n groep gewapende Transvaalse burgers met die Vierkleur opgestel, terwyl aan die Natalse kant 'n deel van die *West Riding Regiment*, onder lt. Tyler, aanwesig was.

"The train halted at the boundary bridge, Capt. Thorold assumed command of his escort; the prisoners (26 officers and 399 NCOs and men) were handed over to me; I gave a receipt and the Burghers left the train."

Hiermee was die seremoniële gedeelte van die oorname afgehandel. Op die stasie van Charlestown het twee treine gereed gestaan waarmee die krygsgevangenes om 08h25 en 08h35 oor Pietermaritzburg na Durban vertrek het.

Op 21.1.1896 het die "Victoria" met dr. Jameson en 13 hoofoffisiere van Durban na Engeland vertrek, op 26.1.1896 het die "Roslin Castle" met 2 offisiere en 101 onderoffisiere en manskappe gevolg, terwyl die "Harlech Castle", wat op 28.1.1896 van Durban vertrek het die laaste 23 offisiere en 300 onderoffisiere en manskappe aan boord geneem het.

Hiermee was 'n hoofstuk in ons vaderlandse geskiedenis afgesluit.

**Pretoria, Febr. 1979**

**Kol. dr. Jan Ploeger**

BRON: Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria.

W.O. F.K. 1759, waarin lêer 1840: Verslag van genl.-maj. George Cox – Britse opperbevelhebber S.A. Pietermaritzburg, 31.1.1896.

OPMERKING: Vgl. A.S. Hickman: Rhodesia served the Queen, Salisbury, 1970, pp. 13–14. Kol. H. vermeld dat 26 offisiere en 398 manskappe met die "Harlech Castle" gerepatrieer is. Van hulle was 103 uit S.A. afkomstig. Te Durban het 8 van boord gegaan, te Oos-Londen 29, te Port Elizabeth 33 en te Kaapstad 33. Kol. H. stel die aantal gesneuweldes en gewondes onderskeidelik op 16 en 56. Dieselfde skrywer het bereken dat die totale sterkte van dr. Jameson se mag 475 was, wys daarop dat hy 36 nie kon plaas nie en dat daar beweer is dat ongeveer 25 voor die oorgawe ontsnap het. Volgens dieselfde outeur is die volledige presensielys van dr. J. se mag nooit gevind nie.

Aan dieselfde bron is die volgende ontleen (p. 4): Lt.-kol. sir John Christopher Willoughby, maj. Robert White, lt.-kol. Henry Frederick White, lt.-kol. Raleigh Grey, maj. Charles J. Coventry.

– J.P.

# Die Samespreking oor Die Kerkstraat-Wes Historiese Begraafplaas, Pretoria

(Verslag deur Dr. H.M. Rex)

**DEELNEMERS** aan die samespreking met die Direkteur van Parke en Ontspanning van die Pretoriase Stadsraad oor die sloping en begrawing van grafstene in die ou begraafplaas, Kerkstraat-Wes, waarvan daar in die week wat op 5 Februarie begin en op 9 Februarie 1979 geëindig het, tussen 180 en 200 onder die grond verdwyn het.

(Drr. N.A. Coetzee en H.M. Rex het op Donderdagmiddag, 15.2.79 184 grafte wat versteur is, getel terwyl mnr. Moolman, Dir. van P. & O. die getal van 116 op die samespreking genoem het).

SAMESPREKING in kamer 238 W (Moot-kamer), Munitoria, Vrydag, 16.2.1979, 10–12 vm.

**VOORSITTER:** Mnr. J.J. (Hans) Moolman, Direkteur, Parke & Ontspanning, bygestaan deur die Adjunk-direkteur, mnr. Theron, 'n amptenaar van die Regsafdeling, mnr. Erasmus en 'n notulehouer.

## A. Verteenwoordigers van verskillende plaaslike en landswye organisasies

1. Dr. H.M. Rex: Argiefbewaarplek en Museum, Ned. Hervormde Kerk van Afrika; Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap & Kuns (Dr. D.J.C. Geldenhuys, Sekretaris); Kerkhistoriese Genootskap (Prof. dr. A.D. Pont, Voorsitter).
2. Dr. N.A. Coetzee, prof. dr. F.J. du Toit Spies en mnr. T.E. (Tom) Andrews: Genootskap Oud-Pretoria.
3. Dr. Meiring Naudé: Stigting Simon van der Stel van Suid-Afrika (Pretoria-tak).
4. Dr. R.T.J. Lombard: Genealogiese Genootskap en R.G.N.

5. Dr. A.J.O. Ferreira: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN).
6. Dr. Willem Punt: Vereniging Willem Punt.
7. Mn. Willem Punt jnr.: Africana Vereniging en Stigting Jan van Riebeeck.
8. Mn. S.W. van Wyk: Afrikaanse Kultuurraad van Pretoria; Kruger-genoootskap van Pretoria.
9. Mnre. S.C.J. Joubert en M. Gough-Palmer: S.A. Raad vir Oorlogsgrafe.
10. Mn. R. Lubbe: Transvaalse Onderwysersvereniging (TO).
11. Mn. Nic Dreyer: Historiese Genootskap van S.A. & *Historia* en TO.
12. Mnre. J.C.H. Grobler en Werner van der Merwe: Unisà (Dept. Geskiedenis).
13. Dr. J.H. Breytenbach: Staatsargief en Univ. van Pretoria (Dept. Geskiedenis).
14. Mnre. B.D.T. Boshoff, L.P.R. en B.J. Nortmann, L.P.R.: Nas. Partyraad van Pretoria.
15. Dr. Louw: Suid-Afrikaanse Vroudefederasie.
16. Mev. D.M. Smit: Nederduitsch Hervormde Sustersvereniging (NHSV) en Federale Vroueraad Volksbelang.
17. Mev. Richards: Vrouediens, N.G. Kerk.
18. Mev. S.E. (Lillebeth) Moolman: National Council of Women.

**B. Enkele afstammelinge van persone wat in die Ou Begraafplaas begrawe lê.**

1. Mev. A. Coetzee, gebore Du Plessis, kleindogter van mev. Landdros Jan Heystek.
2. Kmdt. Jopie Johannes Fourie Fourie, afstammeling van die Fourie/Oosthuizengeslagte.
3. Mn. P.S. Janse van Rensburg, agterkleinseun van pres. & mev. W.C. Janse van Rensburg (Helder-akker).
4. Mn. W. Skinner, afstammeling van Wm. Skinner.

**C. Verteenwoordigers wat deur onvoorsiene omstandighede verhinder is om die samespreking by te woon.**

1. Dr. Corrie Jooste, Voorsitter, Genootskap Oud-Pretoria.
2. Kmdt. Japie van Vuren, Genealogiese Genootskap van SA (Pta.-tak).
3. Mnre. Preller, Van Zyl en Zietsman, Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede.
4. Dr. F.G.M. du Toit, Argivaris, N.G. Kerk-argief.
5. Dr. Bernard de Winter, Nasionale Botaniese Tuin.
6. Mn. Martin Vivier, Onderwyskollege, Pretoria.
7. Mev. (ds.) Bekker, Geref. Kerk, Pretoria.

## 5. SAMESPREKING.

- (i) Elke deelnemer aan die samespreking het beskik oor 'n lys van deelnemers en die organisasies wat elkeen van hulle verteenwoordig het, asook die name van enkele afstammelinge van begraafdes in die Ou Kerkhof.
- (ii) Nadat mngr. Moolman, wat in sy hoedanigheid as Direkteur van Parke en Ontspanning as voorsitter opgetree het, die deelnemers verwelkom het en verduidelik het dat die samespreking gereël is nadat dr. Rex op Vrydagoggend, 9.2.1979 dringende vertoë tot die Direkteur van Parke en Ontspanning gerig het dat die swart werkspanne en hul drie blanke spanbase aan die Ou Begraafplaas onttrek word hangende 'n samespreking met die Stadsraad of sy verteenwoordigers. Aangesien dr. Rex die vertoë tot hom gerig het, het hy hom gevra om 'n samespreking te reël en daar toe uit te nooi volgens sy goeddunke.
- (iii) Alvorens daar met die samespreking begin is, is die geleentheid aan dr. Rex gegun om die verskillende deelnemers aan die vergadering voor te stel en terselfdertyd verskoning aan te bied vir 'n aantal persone wat baie graag teenwoordig wou wees maar as gevolg van ander afsprake en uitstedigheid nie kon opdaag nie, nl. Dr. Corrie Jooste, Voorsitter, Genootskap Oud-Pretoria, kmdt. Japie van Vuren, Genealogiese Genootskap van SA (Pretoria-tak); mnre. Preller en Van Zyl, Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede (lg. Transvaalse Streeksvoorsitter van die RGN); mngr. J.F. Steyn, Sekr., T.O.; prof. dr. F.A. van Jaarsveld, Universiteit van Pretoria (Dept. van Geskiedenis) & Historiese Genootskap van SA; dr. F.G.M. du Toit, Argivaris, NG Kerk-argief; dr. Bernard de Winter, Nasionale Botaniiese Tuin; mev. Johanna Raath, Voorsitster, Federale Vroueraad Volksbelang en S.A. Vrouefederasie; mev. Christien van Wyk, Voorsitster, Vrouediens, NG Kerk; mev. (ds.) Bekker, Gereformeerde Kerk, Pretoria; prof. dr. A.D. Pont, Kerk-historiese Genootskap (Voorsitter) en dr. D.J.C. Geldenhuys, Sekretaris, S A Akademie vir Wetenskap en Kuns.
- (iv) Mngr. Moolman skets vervolgens die behoefte wat algaande ontstaan het dat daar aandag aan die toestande in die Ou Begraafplaas geskenk behoort te word; die vertoë wat raadslid C.J. Uys (Wyk 4) in hierdie verband tot sy Departement gerig het; sy Departement se aanbevelings aan die Bestuurskomitee; die besluit van die Bestuurskomitee en die uitvoering van die besluit deur amptenare van die Afdeling Parke en Ontspanning tot met die voorlopige staking van werkzaamhede in die Ou Begraafplaas sedert Vrydagmôre, 9.2.1979. Hy en sy mede-

amptenare sal dus graag van die deelnemers aan die samespreking verneem wat hulle op die hart het en watter voorstelle hulle sou wou maak.

(v) **Uiteensetting van die gang van sake uit die oogpunt van dr. Rex.**

Dr. Rex het ten aanvang namens die deelnemers aan die samespreking en al die organisasies wat hulle verteenwoordig, dank betuig vir plaaslike en landswye belangstelling en die geleentheid wat geskep is vir 'n intringende en openhartige samespreking oor 'n delikate en baie ernstige angeleentheid wat in die afgelope twee weke die gemoedere van die burgers van Pretoria en Transvaal gaande gemaak het. Sover hy kan beoordeel sal die gemoedere van ons mense nie tot bedaring kom alvorens 'n aantal drastiese en verreikende stappe deur die Stadsraad van Pretoria geneem is.

Voorts het dr. Rex die historiese betekenis van die samespreking beklemtoon en daarop gewys dat die aantal en verskeidenheid van kulturele, kerklike, opvoedkundige, historiese, politieke en vroue-organisasies wat verteenwoordig is, die samespreking nie net merkwaardig en belangrik maak nie, maar ook een is waarvan die standpunte en besluite nie ligtelik deur die Bestuurskomitee geïgnoreer sal kan word nie.

Voortgaande het dr. Rex agtereenvolgens aandag gegee aan die

- (a) **Verslag** van die Direkteur van Parke en Ontspanning aan die Bestuurskomitee en die **besluit** van die Bestuurskomitee op 14.11.1978 waarkragtens toestemming aan die Direkteur van Parke en Ontspanning verleen is "vir die verwydering van los en gebreekte grafstene, randstene en slordige traliewerk en vir die begrawe daarvan in die betrokke graftes."

In hierdie verband het dr. Rex die aandag van die aanwesiges pertinent gevëstig op 'n sin in die verslag van die Direkteur na aanleiding van die oorspronklike versoek van raadslid C.J. Uys (Wyk 4), wat as volg lui:

"Hierdie Afdeling is van mening dat die *vervalle stene en traliewerke in die graf begrawe kan word indien die naasbestaandes dit wil opeis.*"

Hy het gesê dat hy reeds op hierdie stadium van sy uiteensetting van die agtergrond en gang van sake wat gelei het tot die skokkende vernietigingswerk in die Ou Begraafplaas, aan die Direkteur wil sê

dat hy teen dié einde van die samespreking gaan voorstel dat alles wat in die week van 5 tot 9 Februarie 1979 in die bykans 200 graftes begrawe is, opgegrawe, ten toon gestel en herstel moet word soos dit voor die begrawing was en wel op koste van die Stadsraad van Pretoria.

**Sien dokument 1** (Agtergrond v.d. sloping en begrawing van graftene in die Ou Begraafplaas, Pretoria, 5-9.2.1979).

- (b) Aangesien die Stadsraad en sy amptenare die burgers van Pretoria nie in sy vertroue geneem het i.v.m. sy voornemens t.o.v. die sloping en begrawing van graftene van die Ou Begraafplaas nie en die breë publiek geheel en al in die duister gehou was en in die duister gehou sou gewees het oor die slopings- en begrawingswerk wat vanaf Maandag, 5 Februarie 1979 in die Ou Begraafplaas aan die gang was, het dr. Rex van die geleentheid gebruik gemaak om, in die afwesigheid van die koerantmanne, dank te betuig en hulde te bring aan die Pretoriase koerante wat vanaf Woensdag, 7 Februarie, hul lesers ingelig het oor die skokkende en skandalige vandalisme in die Ou Begraafplaas deur die blanke spanbase en hul swart werkspanne. As dit nie was vir die publisiteit wat die koerante aan die vernietigingswerk gegee het nie – in die aangesig van die vyandigheid en aggressiwiteit van amptenare van die Stadsraad wat die koerantmanne wou oorreed om geen berigte te publiseer nie – sou die swart werkspanne en hul spanbase baie verder gevorder het met hul slopings- en begrawingswerk as wat nou die geval is. Daarom noem hy met groot waardering die name van *Hoofstad*, *Oggendblad*, *Beeld* en *Pretoria News*. Die eerste berig oor die grafskendery het op 7 Februarie in *Hoofstad* verskyn, geskrywe deur *mej. Carien Pretorius*, gevolg deur 'n berig in *Oggendblad* op 8 Februarie en berigte in *Beeld* en *Pretoria News* op 9 Februarie. Van toe af het daar verskillende berigte oor die verloop van sake tot met die samespreking in dieselfde koerante verskyn. Dit is dus gepas dat die koerante, in die afwesigheid van hul verslaggewers, geloof word vir die hoogs gewaardeerde publisiteit wat hulle aan die vernietigingswerk in die Ou Begraafplaas gegee en sodoende die stadsburgers van inligting voorsien en hulle tot aksie aangespoor het.

Ander verslaggewers wie se name voor die samespreking op 16 Februarie ook bekend geword het, was *mrre. Arthur Barlow* en *Louis Roux* (*Oggendblad*), *Joubert Malherbe* (*Beeld*), *Brown* en *mej. Myless* (*Pretoria News*). Later is verneem dat *mej. Elma Malherbe* verantwoordelik was vir sommige van die berigte in *Hoofstad*.

## **Relaas hiervandaan in eerste persoon.**

- (c) Op navraag by mej. Carien Pretorius van *Hoofstad* om te verneem hoe *Hoofstad* van die aanvang van die vernietigingswerk in die Ou Begraafplaas te hore gekom het, het sy aan my meegedeel dat sy 'n telefoonoproep van 'n persoon, wat hom nie wou identifiseer nie, gekry het en dat hy gevra het dat *Hoofstad* van sy verslaggewers na die Ou Begraafplaas moet stuur om te kyk wat daar aangaan.

Na die samespreking het ek van dr. J.H. Breytenbach verneem dat mnr. P.S.J. Goosen, 26ste Laan 752, Rietfontein (Tel. 702536) hom meegedeel het dat hy kort na die aanvang van die vernietigingswerk in die Ou Begraafplaas met sy eie oë gesien het hoedat een van die swart werkspan 'n grafsteen met 'n 14 pond-hamer stukkend geslaan het.

Op navraag by mnr. Goosen, 'n afgetrede boukontrakteur, is verneem dat hy op Maandag, 5 Februarie – dit kon ook op Dinsdag gewees het – vanuit 'n munisipale bus waarin hy vanaf Kerkplein na Pretoria-Wes gery het, opgemerk het dat 'n groot span swart werkers met een of ander aktiwiteit in die oostelike gedeelte van die Ou Begraafplaas besig was. Op pad terug stad toe, het hy by die Begraafplaas afgeklim om te gaan kyk wat daar plaasvind. By sy aankoms in die kerkhof het 'n werknemer van die firma C.H. Nell, wat besig was met die herstel van 'n sekere graf, aan mnr. Goosen gesê dat hy moet gaan kyk wat die swart werkspan onder aanvoering van hul spanbase besig is om aan te vang. "Dit gaan maar rof daar", het hy opgemerk. Hy gaan toe daarheen en kry 'n aantal swartes by 'n graf, waarvan die grafsteen totaal niks makeer het nie. "Wat doen julle?", het hy gevra. "Ons slaan stukkend", was die antwoord. "Waar is jul baas?", vra hy toe. Na verdere gesprekke met die blanke spanbase, by wie hy heftig ge protesteer het oor die onnodige vernielingswerk wat daar besig was om plaas te vind en ook beswaar gemaak het teen die gebruik van 14 pond-hamers om grafstene mee stukkend te slaan, het mnr. Goosen kontak gemaak met verskillende amptenare van die Afdeling Parke en Ontspanning, onder wie mnr. Moolman, Van Rensburg en Dirkse of Dercksen by name genoem is. Aan mnr. Moolman het hy gesê dat dit woes gaan in die Ou Begraafplaas. Hy het ook kontak gemaak met raadslid Jan Visse, en hom gevra om sy aandag aan die saak te gee. Toe het hy te hore gekom dat een van die amptenare sy bekommernis uitgespreek het dat die koerante van die werk in die Ou Begraafplaas sou verneem. Sy woorde teenoor die omstanders was, volgens mnr. Goosen:

“Netnou het ons die pers op ons!” Toe mnr. Goosen dié opmerking gehoor het, het hy besluit om self onmiddellik met die pers in aanraking te kom en so het dit gebeur dat hy op Maandag, 5 Februarie of Dinsdag, 6 Februarie, met *Hoofstad* in verbinding gekom, met mej. Carien Pretorius gesels en haar gevra het om asseblief dadelik na die Ou Begraafplaas te gaan en met haar eie oë te sien watter verwoestingswerk aan die grafstene aangerig word.

Die besoek van mnr. Goosen aan die Ou Begraafplaas, sy gesprekke met die lede van die werkspan en amptenare en sy tevergeefse beroepe op hoë amptenare en 'n gesiene raadslid om in te gryp en die sinnelose slopingswerk onder aanvoering van die “keppieman” stop te sit, het regstreeks daartoe geleid dat eers *Hoofstad* en daarna ander Pretoriase koerante, aandag aan die aangeleentheid kon gee, berigte en foto's daaroor kon plaas en sodoende die burgers van die stad kon inlig en tot aktiewe aanspoor.

Naas die koerante wat publisiteit aan die saak gegee het, moet die naam van mnr. P.S.J. Goosen ook in dankbare herinnering gehou word. Hy het die bal aan die rol gesit wat binne enkele dae sou lei tot die onttrekking van die swart werkspanne en hul drie blanke spanbase aan die Ou Begraafplaas en die samespreking op Vrydag, 16 Februarie 1979.

(d) **Die Goddefroy-grafe digby die Helde-akker.**

Die Raad vir die Argiefbewaarplek en Museum van die Ned. Hervormde Kerk gee tans aandag aan die restourasie van die Goddefroy-grafe in die Ou Begraafplaas. In die loop van Donderdag, 8 Februarie het mev. Hester Prinsloo, sekretaresse van die Administrateur van die Ned. Hervormde Kerk, wat daagliks aandag gee aan koerantberigte wat die kerklike en volkslewre raak, uitknipsels maak en dit versorg, 'n koerantberig in *Oggendblad* van 8.2.79 *Grafe deur stadsraad “geskend”* onder my aandag gebring met die aantekening daarop: *Dr. Rex, raak dit die Goddefroy-grafe?*

Op pad werk toe op Vrydagoggend, 9 Februarie, het ek eers by die Ou Begraafplaas aangery waar ek ongeveer 7.25 vm. aangekom en reguit na die Goddefroy-grafe gegaan het. 'n Groot aantal swart werkers het op daardie tydstip aan die noordekant van die Helde-akker en rondom die Goddefroy-grafperseel gesit en gestaan. Dit was vir my duidelik dat hulle teen die einde van daardie week tot by die Helde-akker gevorder het. Die twee grafstene van ds. M.J. en mev. A.

Goddefroy het gelukkig nog gestaan, maar sou moontlik in die loop van daardie Vrydag aan die beurt gekom het saam met die grafstene van talle ander gesiene Pretorianers wat in die vorige en in hierdie eeu in Pretoria gelewe en gewerk het en in die histories belangrike Ou Begraafplaas van Pretoria ter ruste gelê is.

Vanaf die Goddefroy-grafe en die Helde-akker het ek toe ooswaarts geloop in die rigting van die Kruger-grafe. Digby die Helde-akker het ek opgemerk dat die grafsteen van 'n sekere mev. Hall stukkend geslaan is, blybaar gereed om in die loop van die ooggend begrawe te word. Ook het ek gesien dat daar by die grafsteen van 'n sekere Van Druten 'n vlak graf gegravwe word waarin die grafsteen later in die dag begrawe sou word. Wat my egter geskok het, was toe ek die vlak grafe gesien het wat die vorige dag reeds gemaak is vir die omstoot en begrawe van twee grafstene wat nog in 'n baie goeie toestand verkeer het, nl. dié van *Johannes Barnard Malherbe*, geb. te Tulbach in 1862 en gesneuwel te Spioenkop, Natal in Januarie 1900, en dié van *Gabirél Adolf Odé*, geb. te Schiedam (Ned.), in 1856 en oorlede te Pretoria op 11.12.1897.

Malherbe as 'n gebore Kaaplander, het sy lewe veil gehad vir die onafhanklike voortbestaan van die Zuid-Afrikaansche Republiek en in die verdediging daarvan gesneuwel in die beroemde Slag van Spioenkop in Noord-Natal, terwyl Odé in sy hoedanigheid as amptelike geskiedskrywer van die Zuid-Afrikaansche Republiek in die negentigerjare 'n aantal waardevolle herinneringe van Voortrekkers opgeteken het. 'n Gedeelte daarvan is later gepubliseer deur Gustav Preller in een van sy bande *Voortrekkermense*, en deur prof. dr. F.J. du Toit Spies in *Historia*, 1959, 1960. Ook as amptenaar in diens van die Republiek het hierdie Oud-Nederlander, spore getrap.

Sien: Dokument: F.J. du T. Spies: Art. oor G.A. Odé in Biogr. WBII. Dié twee grafstene met hul sprekende opskrifte, wat op die punt gestaan het om onder die grond te verdwyn, is nie net twee *monumente* ter ere van Malherbe en Odé nie, maar ook twee dokumente, spore wat deur twee burgers van die Republiek nagelaat is en wat ons enkele lewensbesonderhede gee oor die lewe, werk en afsterwe van Malherbe en Odé, verteenwoordigend van die bykans 200 ander burgers van die Republiek wie se grafstene gesloop en begrawe is.

Terwyl ek na die twee grafstene gestaan en kyk het en besig was om te herstel van die *shok en woede* wat hom van my meester gemaak het, het

die drie blanke spanbase op die toneel verskyn. Swart werkers het begin om hulle gereed te maak om met die slopingswerk en begrawing van Odé se grafsteen voort te gaan. Dit is toe dat ek teenoor mnre. Lemley, Van Zyl Smit (die mannetjie met die kortbroek en die keppie) en Van Buuren, die drie spanbase, gesê het: "Die . . . sal vanmôre los wees as hierdie twee graftene gesloop en begrawe word en die . . . sal in die hele Pretoria los wees as julle verder voortgaan met die skandalige vernietigingswerk waarmee julle hier besig is!"

Toe hulle begin wegbeweeg het in die rigting van die Helde-kker het 'n vierde blanke op die toneel verskyn en by die Odé-graf gaan staan. Op navraag het dit geblyk dat hy mnre. C.J. Uys, luitenant in die Suid-Afrikaanse Polisie en raadslid vir wyk 4 (Pretoria-Wes), is. Ek het sy aandag op die graftene van Odé en Malherbe gevistig, beklemtoon dat albei, afgesien van die feit dat dit twee monumente is, twee dokumente is wat vir die historikus en genealoog bronre van besondere waarde is. Ek het toe by hom gepleit om asb. in kontak te kom met die Direkteur van die Afdeling Parke en Ontspanning of met lede van die Bestuurskomitee en vertoë tot hulle te rig dat die swart werkspanne en hul blanke spanbase tydelik aan die Ou Begraafplaas onttrek moet word hangende 'n samespreking met verteenwoordigers van organisasies wat belang het by die bewaring en instandhouding van die graftene. Hy het my belowe om dit te doen. Foto's van graftene van M. en O. is rondgestuur.

Toe ek egter by my motor kom en opmerk dat raadslid Uys besig was om tussen die swart werkers te beweeg en saam met die drie spanbase toesig te hou oor die slopings- en begrawingswerk wat oënskynlik normaalweg voortgesit word, het ek na my kantoor gegaan en vandaar telefonies kontak gemaak met mnre. Theron, Adjunk-direkteur van Parke en Ontspanning, in die afwesigheid van mnre. J.J. Moolman, die Direkteur. Mnre. Theron het op 'n simpatieke wyse na my ernstige en dringende vertoë geluister en my belowe dat hy dadelik sal werk maak van my versoek i.v.m. die tydelike onttrekking van die swart werkspanne en hul blanke spanbase hangende 'n samespreking tussen die Direkteur van Parke en Ontspanning of die Bestuurskomitee en 'n aantal belanghebbendes. Later in dieoggend het ek ook telefonies van mnre. Van Heerden, Administratiewe Beheerbeampte van die Afd. Parke en Ontspanning die versekering gekry dat die hele aangeleentheid dringende aandag geniet.

(d) **Swart werkspanne en hul blanke spanbase onttrek, 9.2.1979**

Die dringende vertoë wat omstreeks 8 vm. op Vrydag 9 Februarie tot die Adjunk-direkteur, Afd. Parke en Ontspanning gerig is, het tot gevolg gehad dat die swart werkspanne en hul drie blanke spanbase binne 'n uur daarna aan die Ou Begraafplaas onttrek is, dat die sinnelose slopingswerk nie verder as die Helde-akker in 'n westelike rigting gevorder het nie en dat daar deur die proteste wat daar tot mnr. Uys en die drie blanke spanbase gerig is, ook 'n aantal grafstene tussen die Kruger-grafte en die Helde-akker van gewisse sloping en begrawing gered is.

(e) **Versoek tot uitnodiging van belanghebbendes tot samespreking.**

Op Maandagoggend, 12.2.1979 het mnr. J.J. (Hans) Moolman, Direkteur van die Afdeling Parke en Ontspanning my gevra om 'n paar persone wat belangstel in die bewaring van die grafstene in die Ou Begraafplaas, uit te nooi na 'n samespreking in Munitoria op Vrydag, 16.2.1979. So het dit gekom dat ek betrokke geraak het by die uitnodiging van die verteenwoordigers van bykans 30 organisasies van kulturele, historiese, genealogiese, kerklike, opvoedkundige en politieke aard, tesame met 'n aantal verteenwoordigers van plaaslike en landswye vroue-organisasies. Om kleur en verdere betekenis te verleen aan die samespreking is ook 'n paar afstammelinge van ou Pretoriase families uitgenooi om die same spreking by te woon en indien hulle dit verlang, selfs aan die besprekings deel te neem.

(vi) **Grafstene met hul opskrifte as historiese bronne.**

In my uiteensetting van die agtergrond van die sloping en begrawing van grafstene en wat daar toe gelei het dat die historiese samespreking op Vrydag, 16 Februarie 1979 in Munitoria gereël is, het ek afsluitend kortlik stilgestaan by grafstene as *monumente* en *dokumente*, eers genoemde om die lewe en werk van die afgestorwenes in dankbare herinnering te hou en wat vir daardie rede deur die nageslagte met piëtit behandel behoort te word, en laasgenoemde om 'n nuttige en waardevolle funksie as 'n historiese bron te vervul.

Ten opsigte van 'n grafsteen met sy opskrif as 'n historiese bron is daarop gewys dat daar feitlik nie een werk oor die historiografie verskyn het waarin daar ook aandag gegee word aan bronnestudie en bronnekunde nie. Grafstene dien nie net as belangrike bronne vir ons historiese en genealogiese kennis nie – waarvan in sommige gevalle ander bronne

verlore geraak en net die grafskrifbron bewaar gebly het – maar die inligting wat op die grafsteen voorkom, word soms ook aangewend om die feite in ander bronne te kontroleer. In hierdie verband kan talle voorbeelde opgenoem word.

As voorbeeld van navorsers wat dankbaar gebruik gemaak het van inligting wat op grafstene opgespoor is en waarvan sommige ook die grafskrifte in hul verwysings en bronnelys vermeld het, is genoem die verhandelings van Lombard en Dreyer oor eerw. Maré en die Wolmarans-geslag onderskeidelik, die proefskrif van dr. Ferreira oor Stephanus Schoeman (*Stormvoël van die Noorde*) en tydskrifartikels deur dr. N.A. Coetzee, een van ons bekende genealoë. Op bl. 385 van sy gepubliseerde proefskrif skryf dr. Ferreira bv. “Kyk ook grafopskifte op die grafstene van Stephanus Schoeman en A.W.J. Pretorius in die Ou Begraafplaas, Kerkstraat-Wes, Pretoria.” In sy bronnelys op bladsye 386 tot 406 maak hy op bl. 406 ook melding van “*Grafskrifte: Familiebegraafplaas, St. Helena, dist. Utrecht & Ou Begraafplaas, Kerkstraat-Wes, Pretoria.*” Agter op die stofomslag van “*Stormvoël van die Noorde*” verskyn ’n afbeelding van die grafsteen van Stephanus Schoeman en die laaste paragrafe van sy proefskrif bevat die volgende sin: “Dit dan is Stephanus Schoeman, die man wat net buite die Helde-akker van die Ou Begraafplaas in Pretoria begrawe lê.” (bl. 384).

Gestel nou “die mannetjie met die keppie” het op Vrydagoggend, 9 Februarie 1979 met sy vernietigingswerk gevorder tot by die grafsteen van Stephanus Schoeman teenaan die Helde-akker, en hy daar ook, soos in talle ander gevalle in die loop van daardie week, aan die grafsteen begin ruk en pluk het totdat hy van sy basis losgeraak en omgestamp en gebreek kon word in die val na onder op die randstene, waar sou besoekers en familielede van Stephanus Schoeman dan gaan soek het na die grafsteen van die “*Stormvoël van die Noorde*” waarna dr. Ferreira in sy boek verwys en hoe sou ’n historiese navorsing kon kontroleer of dr. Ferreira se inligting wat hy op die grafopskif teengekom en waarna hy in sy teks en bronnelys verwys, korrek is en nie maar net die vrugte van sy verbeelding is nie? Dieselfde kan van prof. Spies se artikel oor G.A. Odé in die *Biografiese Woordeboek*, II, gesê word indien Odé se grafsteen nie op die laaste tippie van sloping en begrawing gered is nie. In sy artikel lees ons immers: “O. se graf is in die Ou Kerkhof, Pretoria.” Prof. Spies verwys na Odé se huwelik met Hester de Klerk, ’n dogter van ’n bekende Hollandse gesin wat destyds in Andriesstraat, Pretoria gewoon het. Hierdie feit kry prof. Spies waarskynlik uit ’n ander bron, maar op die

grafsteen van Odé kon prof. Spies dié feit gekontroleer het. Daar lees ons immers: "Geliefde Echtgenoot van Hester Odé, geb. De Klerk."

Nou kan die vraag met reg gevra word: Watter skat van historiese en genealogiese inligting het daar nie in die week van 5 tot 9 Februarie 1979 as gevolg van die sinneloze en onvergeeflike vernietigingswerk, die sloping en begrawing van meer as 180 grafstene, plaasgevind nie? Daarom kan dit goed begryp word waarom ons teen die einde van die samespreking in een van die besluite gaan eis dat die grafstene wat gesloop en begrawe is, uitgegrawe, tentoongestel en weer opnuut opgerig moet word deur die Stadsraad van Pretoria op sy koste. Die burgers van Pretoria en ook van Transvaal sal met niks minder tevrede wees nie! Daar was 'n week van vernietiging en nou wag weke en selfs maande van opgrawing en heroprigting. Waar die genealogie beskou word as hulpwetenskap van die geskiedenis kan die argeologie in die Ou Begraafplaas van Pretoria nou ingespan word in belang van die bewaring en benutting van grafopskrifte as bronne vir die geskiedenis en genealogie!

(vii) **Versuim van Stadsraad om toestemming tot sloping en begrawing vooraf van Administrateur van Tvl. te verkry.**

In die loop van my inleidende opmerkings het ek, met verwysing na Ordonnansie Nr. 7 van 1925 wat handel oor *Die verwydering van dooie liggeme en grafte*, aan die Direkteur van Parke en Ontspanning gevra of daar voor die sloping en begrawing van bykans 200 grafstene toestemming daartoe gevra is van die Administrateur van Transvaal.

Uit sy antwoord en dié van regsassistent Erasmus, het dit aan die lig gekom dat die verlangde toestemming nie gevra en dus nie verkry is nie. Later het mnr. Boshoff, LPR en Voorsitter van die Provinciale Raad, oor dié versuim kommentaar gelewer. **Sien** dokument 7: Ordonnansie 7 van 1925.

(viii) **Deelnemers kry geleentheid om hul sienswyse te lug.**

Na die inleidende opmerkings deur dr. Rex het 'n aantal van die deelnemers van die geleentheid gebruik gemaak om hul standpunte oor die sloping en begrawing van die grafstene te stel. Agtereenvolgens het die volgende persone hul menings ten beste gegee: Dr. Willem Punt, dr. J.H. Breytenbach, mnre. B.D.T. Boshoff, S.C.J. Joubert, Willem Punt jnr., dr. Lombard, prof. Spies, dr. N.A. Coetzee en kmdt. J.J.F. Fourie, asook mevv. Dina Smit en S.E. (Lillebeth) Moolman. Verskillende belangrike en interessante gesigspunte het hierdeur aan die lig gekom en het dit bygedra tot die formulering van die voorstelle aan die einde van die samespreking. Dr. Coetzee het n.a.v. 'n opmerking van mnr.

Moolman dat net 116 grafte betrokke was, gesê dat hy en dr. Rex tydens 'n opname op Donderdag, 15.2.1979, 184 versteurde grafte getel het.

**(ix) Voorstelle wat Dir. van Parke & Ontspanning onder aandag van Bestuurskom. sou bring.**

Die volgende voorstelle van dr. Rex is eenparig aanvaar:

- (i) (a) Dat hierdie verteenwoordigende vergadering met ontsteltenis en skok kennis geneem het van die gang van sake wat geleei het tot die sloping en begrawing van bykans 200 grafstene in die Ou Begraafplaas van Pretoria;
- (b) dat hy tot die oortuiging gekom het dat daar 'n baie ernstige en betreурde oordeelsfout en mistasting deur die Stadsraad van Pretoria en die amptenare van die Afdeling Parke en Ontspanning begaan is; en
- (c) dat hy hom nie kan vereenselwig met die Stadsraadsbesluit van 14.11.1978 sover dit betrekking het op *die verwydering van los en gebreekte grafstene en randstene en vir die begrawe daarvan in die betrokke grafte.*
- (d) Voorts betreur hierdie vergadering dit ook ten seerste dat die uitvoering van die Stadsraadsbesluit gelaat is in die hande van ondergesikte amptenare van lae rang en gebreklike oordeelsvermoë, waardeur grafstene met waardevolle grafskrifte, wat belangrike lewensbesonderhede van die gestorwenes vir die nageslag op klip, graniet, marmer en sandsteen vasgelê het, in die opruimingsproses ook onder die grond verdwyn het.
- (e) Aangesien geen kultuurgemeenskap wat gesteld is op sy historiese erfenis, in hierdie geval monumente in die vorm van grafstene, mag toelaat dat belangrike, en in sommige gevalle onvervangbare, bronne vir sy geskiedenis doelbewus en stelselmatig begrawe en sodoende vernietig word, stel hierdie verteenwoordigende vergadering, saamgestel uit bykans 30 plaaslike en landswye organisasies van kulturele, historiese, genealogiese, opvoedkundige, kerklike en politieke aard, benewens 'n aantal vroue-organisasies, dit as 'n onverbiddelike eis dat die bykans 200 grafte onverwyld weer oopgemaak, die begraafde grafstene en gedeeltes van grafstene uit die vlak grafte gehaal en elkeen van die begraafde grafstene op een of ander wyse netjies en duursaam heropgerig word op koste van die Stadsraad van Pretoria.

- (ii) (a) Aangesien hierdie verteenwoordigende vergadering nie saamstem met die Stadsraadsbesluit van 14.11.1978 i.v.m. die begrawing van los en gebreekte grafstene nie – wat in die uitvoering van dié betreурde besluit tot oormaat van ramp boonop deur onoor-deelkundige en onverantwoordelike sloping en begrawing van bykans 200 grafstene binne enkele dae onder aanvoering van ondergesikte amptenare, wat hul opdragte op 'n skokkende wyse oorskrei en te buite gegaan het – wil hy 'n baie ernstige beroep doen op die Stadsraad van Pretoria om die betrokke besluit te herroep en dat die Direkteur van Parke en Ontspanning die werkspanne wat op Vrydagoggend, 9 Februarie 1979, ná dringende vertoë deur stadsburgers, tydelik onttrek is, vir 'n onbepaalde tyd te onttrek aan die Ou Begraafplaas sowel as aan ander begraafphase binne die munisipale grense, wat moontlik ook aan die beurt sou kom.
- (b) Voorts word die Stadsraad en die betrokke Afdeling (Parke en Ontspanning) versoek om intussen nie voort te gaan met die implementering van die gewraakte besluit alvorens daar nie deskundige advies ingewin is deur 'n *Advieskomitee vir die Bewaring en Versorging van Grafte en Grafstene*, wat hopelik deur die Stadsraad in die lewe geroep sal word.
- (iii) Met die oog op die toekoms en ten einde te voorkom dat die sloping en begrawing van grafstene en werksaamhede van dieselfde aard, ooit weer deur die Stadsraad van Pretoria sonder deskundige advies onderneem en sodoende onberekenbare en onherstelbare skade aangerig word, word voorgestel dat die Stadsraad dit ernstig sal oorweeg om 'n *Stedelike Advieskomitee insake die Bewaring en Versorging van Grafte en Grafstene* in die lewe te roep en dat die Stadsraad die *Stedelike Advieskomitee insake Plek- en Straatname* as voorbeeld in hierdie verband neem. Sodoende kan die nodige masjinerie tot stand gebring word om 'n noodsaaklike taak te verrig in belang van die stadsgemeenskap.
- (iv) (a) Hierdie verteenwoordigende vergadering bepleit die stigting van 'n Restourasie- en Instandhoudingsfonds vir Grafstene en Grafte in die Ou Begraafplaas van Pretoria;
- (b) Dat die afstammelinge en naasbestaandes van die begraafdes sowel as belangstellende burgers van Pretoria en Transvaal gevra sal word om tot die voorgestelde fonds by te dra;
- (c) Dat die Stadsraad van Pretoria gevra sal word om tot die fonds by te dra en ander instansies ook versoek sal word om bydraes tot die fonds te bewillig;

- (d) Die aanwysing van die trustees vir die fonds en die administrasie en besteding daarvan kan onder leiding van amptenare van die Stadsraad van Pretoria geskied.
- (v) Dat die nommering van grafte in die Ou Begraafplaas opnuut dringende aandag moet geniet met gebruikmaking van die beskikbare rekords in besit van die Stadsraad van Pretoria.
- (vi) Dat noukeurige planne, met die aanduiding van die nommers van elke graf en die name van die begraafde persone in die betrokke grafte sedert 1868 deur die betrokke amptenare van die Stadsraad van Pretoria voorberei en in 'n gebou of geboue op die terrein van die Ou Begraafplaas vir die besoekende publiek beskikbaar gestel word ten einde hulle in staat te stel om die ligging van grafte van familiebetrekkinge, vriende en volksgenote vas te stel.
- (vii) Dat die Stadsraad van Pretoria wagte, verkiekslik blankes, moet aanstel om sowel bedags as snags ongewenste besoekers en vandaliste uit die begraafphase, insluitende die Ou Begraafplaas, te hou om sodoende skade aan die grafstene en plantegroei te voorkom.
- (viii) Hierdie verteenwoordigende vergadering van stadsburgers besluit dat 'n deeglik gemotiveerde versoek tot die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede gerig word dat die Ou Begraafplaas tot 'n nasionale gedenkwaardigheid verklaar moet word soos wat sedert 1936 gebeur het in die geval van die *Ou Fort en Begraafplaas, Durban; Dingaan se Kraal (Mgungundhlovo) en Piet Retief se Graf, dist. Melmoth*; die *grafte van die Zoeloekonings, Emakhosini* (Begraafplaas van Konings), geleë tussen Mgungundhlovo en Babanango); die *Kleinbosch-begraafplaas, Daljosafat (Paarl)*, waar drie van die leiers van die Eerste Taalbeweging en stigters van die Genootskap van Regte Afrikaners (1875) begrawe lê, en die *La Motte-begraafplaas, Franschhoek*, waar sommige van die afstammelinge van die Franse Hugenote hul laaste rusplek gevind het.

## DOKUMENT 1

### AGTERGROND VAN DIE SLOPING EN BEGRAWING VAN GRAFSTENE IN DIE OU BEGRAAFPLAAS, PRETORIA, 5-9-2.79

#### 2. Verbetering van die algemene voorkoms van die ou Kerkstraat-begraafplaas.

Verslag van die Direkteur van Parke en Ontspanning:

"Op versoek van raadslid C.J. Uys (wyk 4) word die volgende voorstelle aan die Bestuurskomitee voorgelê:

- (a) Raadslid Uys is van mening dat die geheelindruk van die Kerkstraatbegraafplaas swak is en dat daar deur die verwydering van los en gebreekte grafstene, randstene en sommige slordige traliewerk 'n groot verbetering in die voorkoms teweeg gebring kan word.

Hierdie Afdeling is van mening dat die vervalle stene en traliewerke in die graf begrawe kan word indien die naasbestaandes dit wil opeis. Gras kan dan oor die gelykgemaakte graf geplant word, wat 'n netjiese aaneenlopende grasperkvoorkoms sal gee. Selfs onderhoudswerk sal hierdeur vergemaklik word.

- (b) Sekere bome in die begraafplaasterrein ontsier die voorkoms en behoort verwijder te word.

Hierdie Afdeling steun raadslid Uys se voorstelle."

#### BESLUIT:

1. Dat toestemming aan die Direkteur van Parke en Ontspanning verleen word vir die verwydering van los en gebreekte grafstene, randstene en slordige traliewerk en vir die begrawe daarvan in die betrokke grafe.
2. Dat bome wat die betrokke begraafplaasterrein ontsier, stelselmatig verwijder word.

**BESLUIT, BESTUURSKOMITEE, STADSRAAD VAN PRETORIA,**  
**14.11.1978.**

## DOKUMENT 7

0.7 van 1925  
(as. 1-2bis)

### VERWYDERING VAN DOOIE LIGGAME EN GRAFTE

No. 7 van 1925

### 'N ORDONNANSIE

<sup>1</sup> om die skending en verstoring van grafte in begrafphase te verbied  
en om aangeleenthede ten opsigte van die verwydering van of  
beskikking oor lyke te reël

*(Goedgekeur 1 Julie 1925)*

*(Engelse teks deur Goewerneur-generaal geteken)*

*(Datum van inwerkingtreding. 22 Julie 1925)*

SY DIT BEPAAL deur die Proviniale Raad van Transvaal as volg:—

#### **Definisiës.**

1. In hierdie Ordonnansie sal, tensy instryd met die samehang:—

„Administrateur” beteken die amptenaar benoem kragtens subseksie (1) van artikel *agt-en-sestig* van die Suidafrika Wet, 1909, of enige wysiging daarvan:

„liggaam” beteken enige menslike dooie liggaam met inbegrip van die liggaam van enige doodgebore kind:

„begraafplaas” beteken en insluit enige begraafplaasgrond hetsy publieke of private of enige plek welke ook waarin een of meer liggame begrawe, verband of op andere wyse oor beskik word of bestem is om daarin begrawe, verbrand of op andere wyse oor beskik te word.

#### **Geen liggaam sonder magtiging verwijder te word.**

2. (1) Niemand mag 'n graf in 'n begraafplaas skend of vernietig nie, of sonder die skriftelike vergunning van die Administrateur sodanige graf verstoor of laat verstoor, en niemand sal 'n liggaam opgrawe of laat opgrawe of laat verstoor wat sal begrawe wees op 'n begraafplaas, sonder 'n skriftelike magtiging onder die hand van die Administrateur, nog tensy sodanige voorsorge geneem is as mag voorgeskryf word deur die Administrateur of enige geneeskundige deur hom aangestel: enige persoon wat die bepalings van hierdie artikel sal oortree of wat sal nalaat enige sodanige voorsegde voorsorge te neem, sal by veroordeling blootstaan aan 'n boete van hoogstens vyftig pondé (£ 50) en by wanbetaling aan gevengenisstraf met of sonder harde arbeid vir 'n tydperk van hoogstens ses maande of aan sodanige gevengenisstraf sonder die opsie van 'n boete.

#### **Voorbehoud.**

(2) Niemand sal aan een oortreding skuldig wees nie kragtens hierdie artikel wat tydelik of uit noodsaak 'n liggaam of die stoflike oorskot van 'n liggaam verstoor of laat verstoor vir die doel 'n ander liggaam in dieselfde graf te begrawe.

#### **Verstoring van begraafphasse geleë buite munisipale gebied is verbode.**

<sup>3</sup> 2bis. (1) Behalwe met toestemming van die Administrateur mag niemand 'n graftombe, monument, grafsteen, kruis, opskrif, reling, omsluiting, ketting of oprigting van watter aard ook in 'n begraafplaas of gedeelte daarvan buite 'n munisipaliteit op enigerlei wyse verstoor, beskadig, verwijder of vernietig nie.

1. Lang titel soos vervang deur a.1.O.9, 1931 m.i.v. 13.5.1931 vir die oorspronklike titel wat geluit het: „Tot Reeling van sake wat betrekking het op die verwydering van of beskikking oor Dooie Liggome.”
2. Woorde gekursiveerd ingevoeg by a.2.O.9/1931 m.i.v. 13.5.1931.  
A.2bis ingevoeg by a.3.O.9/1931 m.i.v. 13.5.1931

# INTERVIEW: OLD PRETORIA SOCIETY WITH DR. J.C. NEETHLING, 1976

(250 Hay Street, Brooklyn, Pretoria)

(Elizabeth Proctor)

INT. Seated in this peaceful garden, among tall tress, on the South-West corner of the block bounded by Hay, Anderson, Brooks and William Streets in Brooklyn, it is very easy to recreate the rural atmosphere of the little farm which flourished here early in this century. Through the trees we can see the large, original homestead, still in an excellent state of preservation, and today put to valuable use. But most important, we have here with us Doctor Johan Christiaan Neethling, whose father established the small farm. Doctor Neethling grew up here from the age of two in surroundings which were completely rural. He is being interviewed for the Old Pretoria Society by Elizabeth Proctor.

Doctor Neethling, when and where were you born and when did your family establish this little farm and build the solid and striking homestead?

JCN. I come from Voortrekker stock. My grandfather, at the age of eighteen, fought in the battle of Blood River. My father was born exactly eighteen miles due East from Pretoria, on the farm called "Klipkoppies". He was invalided in 1882 in the Sekukune war and came to Pretoria in about 1898, seeing that he could not farm actively any more, so that he was in Pretoria at the time of the occupation by the British troops. Actually, he was in hospital and after he returned from hospital he was placed under house arrest. I was born in February, 1900 . . . In 1902, this farm, which at that time, according to my information, belonged to a Mrs Brooks, was established into the suburb of Brooklyn as it is today. My father bought at the auction four erven in Brooklyn at the time. The house in Verdoorn Street,

where I was born, was not our own property, so he immediately came out to Brooklyn. We were actually the pioneers of Brooklyn and the suburbs of eastern Pretoria. My father told me that at that time there was only a cow stable about one kilometer east of Stalls House on the present University farm. There were no other buildings south or east of the railway line from Pretoria to Silverton. Here, first of all, we lived in a tin shanty, built on the corner of Hay and Brooks Street. At once a quarry was established from which the stones were extracted for the foundations; for the stable and for the new homestead.

We lived in the tin shanty until the stable was completed. Then we moved into the stable. The coach house became the dining room. The stable, actually, was the mother and father's room. The store room became the daughters' room and the loft housed the teenage boys. In 1903 they started building the homestead on which you can see the date, 1904.

- INT. The two turrets and solid, four-foot construction of the stone foundations of this house are striking features. Can you tell us something about the architect and the builders of this house?
- JCN. The architect was a man called Westmaas, an old Hollander. In all his houses, he had the idea of building turrets. Many of them could have been seen in Sunnyside. I think there are one or two left in Sunnyside. But most of them have changed into flats nowadays. In our case he actually built two turrets on the house. The builder was an Italian by the name of Anselmino. May I just point out the difference between building in those days and now. There were two of the Italians who laid two thousand bricks a day instead of the regulation 800 that they have to build on today. So you can understand that this house was completed in about twelve months time. May I digress here to say that although this house was completed in 1904 and we moved into it at that time, there were a few houses already built in Brooklyn. The house of Struben on the corner of Murray and William Street is today Sonop-tehuis. Then you had the house in Brooks Street, built by Rupert Marais, today known as

Brook House, in those days of course not a double story. And just at the back of him his brother, Pietie Marais, had his house. Then there was the house in number 82 Anderson Street. A very important house too is the one in Mackenzie Street with the many chimneys. I think it was built by Mackenzie. It's one of the oldest houses. Well, those houses were all completed more or less at the same time, some of them just a little ahead of the house we're talking about, in Brooks Street, which we occupied in 1904.

INT. On a particularly sweltering afternoon I had the privilege of visiting the homestead with you. The interior was so cool and well designed, I felt that it must be air-conditioned. Tell us something of the construction of this interior.

JCN. The first important aspect was, of course, the high foundation. Today they would start the building on the ground level but we had about three and a half to four foot stone foundation, which makes it cool below the floor. Then, the walls were built of at least fourteen inches outer walls and nine and 'n half inch inner walls and the walls were actually about fourteen feet high before you came to the ceiling. Above that ceiling another three or four feet was built and then only the roof was put on. In other words, you had a very cool house all.... Certainly one of the coolest houses in Pretoria. (Whisper from Mrs Neethling?)

Yes. The interesting part of it now comes when we discuss the actual housing of it. You had, as you enter from stoep, that goes almost round the house, a little hall. Then on the left you had the voorhuis, (sitting room), that's the word I'm looking for. On the right there was the room for Mother and Father. Then you had a big dining room, as you entered a long passage, on the left. The dining room was at least 22 feet by 18 and the table, which seated about 14 people easily, was built in the dining room itself. It couldn't be brought in from outside and it had to be built in the room. Then you had on the right of the passage two bedrooms, one for the two daughters and one a guest bedroom. Next came the bathroom and adjoining that the room for the boys. This boys room also had an outside door onto the stoep and steps into the garden. Then you had a very large pantry which

was usually stocked to the roof with dried fruit and preserves and so forth and a very large kitchen.

INT. What else do you recall of this small farm? Its water supply, orchard, livestock. Tell us something about this, particularly your water supply.

JCN. Well, we had a well of about eighty foot and then, from there on, it was a borehole another, I think, thirty or forty feet. And we had the sweetest water. We had a windmill, of course, on it, and tanks and the sweetest water you can find in Pretoria. Then there was from the tanks, a pipe leading to a small dam, about five feet in depth and I'd say in diameter of at least ten or twelve feet. From that dam we irrigated about two hundred fruit trees and a vegetable garden. On the one corner the stable previously mentioned for the horses, the coaches, and also a cow stable.

After the war, Father, for a long time, had about ten or twelve cows with which he supplied Brooklyn and Sunnyside with milk.

INT. How much did your father charge for milk in those days, Dr Neethling?

JCN. We sold it at thruppence a bottle.

INT. The original stables, coach-house, loft and dairy have now been converted into a charming and picturesque chalet-type cottage, most appropriately furnished in the German style by the present owner, Mrs Wasserthal. Dr Neethling, will you tell us something more of your boyhood and any incidents connected with those days on this small farm.

JCN. Well, Brooklyn as a whole, was really my hunting ground in those days. I often feel sorry for the boys of today where they're not allowed to use even an airgun or anything. I had my first airgun at the age of eleven and hunted birds and rabbits all over Brooklyn, Menlo Park and the Willows. Seeing that the only Afrikaans speaking school or

Dutch speaking school was right in the centre of town at the Eendracht school, my father in the beginning didn't want me to go to school too early so I was nine years actually, when I went to the Brooklyn school, where, or course, the teaching was in English.

And from there I went to the Boys' High School and then to the University so that the furthest I had to walk for all my education up to when I got my first degree was about half a mile to three quarters of a mile. Well, as I say, I had the hunting here, we fished in the Moreletta spruit and so forth and it was really wild until a couple of years ago. In the last fifteen or twenty years of coarse Pretoria has gone out of bounds altogether but in those days we had quite a lot of space.

- INT. You mentioned to me, yesterday, a boyhood incident. You were evidently determined to catch birds, when as a small boy of just over two, you managed to get up to the top of the loft and you thought you would catch pigeons with the grain that you carefully lifted from your father's store. That created quite a problem, finding a small boy stuck up on the top of the loft, am I right?
- JCN. Yes. And Mother, of course, stood below the steps in great anxiety ready to catch me if I dropped from that precarious platform. Father gradually crawled up until he got to me without making any noise so as to get me before I fell off the high loft about fifteen feet I should say.
- INT. Now, to come closer to the present. When you had completed your education in Pretoria and Pretoria University, you won a bursary and studied at Cornell University where you obtained your Doctorate in Agricultural Economy. Would you just tell us a few words about that. And then finally, how this small farm was broken up into the present properties.
- JCN. To start I should say that as I pointed out I had my whole schooling from out of my home, so that the first trip overseas was quite an experience: going, first of all, to England on the P & O boat, which took in those days, I think, about twenty-eight days, then across from Southampton to New York and from there on to Cornell University

which is about 300 miles from New York city. It was quite an experience. I may state here that it was really a very pleasant experience, especially as my research work, was amongst farmers and they were very hospitable to the students from overseas. I may mention a very interesting thing for the students of today. Today a scholarship would include, if you were in the service as I was at that time, full salary for the period that you're away, plus the scholarship included. When I went overseas we had to take long leave without salary for the three years and we only had two hundred pounds from which we had to pay our own expenses to the country of the university and back again. The result was that I had to borrow quite a good bit of money to put me through the university, at the time. Now, when I came back, in 1925, Father was quite old and couldn't really afford to keep this big property. So I did the silly thing to take up the money and buy the whole four erven as they were at that time. I was forced, first of all, to sell the big house, the one with the turrets. I sold that to Redelinghuys who was at that time the Postmaster General. May I just mention: for less than fifteen hundred pounds. He ultimately sold it for somewhere near five thousand pounds. Just to show the increase in prices. Then, after that, I sold first of all the place that I'm living on now, to my brother, to erect a small house for my father and mother. I bought that back again several years later where I'm living today so I may say that this property where I'm on now has been in the Neethling family for seventy seven years now. Then, after I sold the big house, the one with the turrets, the 1904 old house, I changed the stables into a rather nice little homestead and I lived there for about six years. Then during World War 2 it was sold to the present owners, the Wasserthals, almost for the same price that I originally sold the big house. The erf next to me was bought by Dr Hall and he erected the house next to me in 1933. Then half of the property that I'm on now was sold to a man named Olivier. He erected that house. The person who ultimately got the turret house was a Miss Vaandrager, who erected the nursery school. She sold half an erf at the corner of Brooks and Hay Street to a person by the name of Lemmer, I think he was in the Bantu Administration Department. Today, I should at a rough estimate, value the houses on the four erven anywhere between a hundred and hundred fifty thousand rand, at least.

- INT. And your original homestead you told me, in 1904, cost two thousand pounds to build. It certainly is a most solid, attractive structure. There isn't a crack anywhere and it is an excellent state of preservation. That house now houses the very charming and colourful Mimosa Nursery School, and a room is given up to a German Library run by a German and very popular amongst his people and the Afrikaans students come there for German books and Afrikaans books and as I said a little while ago, the old stables have been converted into a most picturesque chalet type house or cottage. I think that is all unless Dr Neethling would like to conclude.
- JCN. I would just like to mention one thing: The names of the streets in Brooklyn are mostly named after men who owned the first erven, like Rupert Street after Rupert Marais and Marais Street and Charles Street, Charlie Marais and MacKenzie Street and so on. But there is one street that I should mention, (I don't know what the original name was) and that is William Street. There was an old Scotchman, who's become quite an Afrikaner at the time, old William Gregor I think was the name, and he simply tore down all the names in William Street and put his name, William, along that whole street, up to Charles. So he appropriated that name and it stuck. It's known today as William Street. What the original name was I don't know, but it's an incident of the old days that I should mention.  
Of my almost 80 years I lived in three houses built on the erven my father bought in October 1902. This means on property that has been in the Neethling family for 77 years. I am sure that no other person in Brooklyn can equal my record. I wonder if that is not a record for all Pretoria suburbs.
- INT. Thank you very much indeed, Dr Neethling. This has been a pleasure and we certainly have recreated a happy and peaceful period.

**Interviewer: Elizabeth Proctor. Thank you most sincerely. (Editor).**

## DE KACHELPIJP VEREENIGING

LIJST VAN NAMEN VAN PERSONEN DIE GEDURENDE DEN OORLOG OP DEN STAF VAN COMMANDANT GENERAAL LOUIS BOTHA WAREN EN DIE AANSPRAAK ZOUDEN KUNNEN MAKEN OP LIDMAATSCHAP VAN DE KACHELPIJP VEREENIGING.

Badenhorst, Koos	Kilian, P.J.
Blignaut, H.J.	Lanting, H.P.
Botha, Junior, L.	Oosterhagen, H.S.
De Wet, N.J.	Pretorius, Stephen
Dargon, C.	Pretorius, Ampie
De Jager, H.	Quin, H.G.
Davidtz, S.	Row, J.B.
Emmett, R.C.	Sim, N.C.
Esselen, L.	Siemssen, Fred
Erasmus, Piet	Theron, J.J.
Ewing, W.	Van Velden, D.O.
Hafner, Pierre	Van Stuwe, J.R.
Hafner, Rudolph	Van Aardt, C.
Jooste, J.P.	Watkins, H.
Jooste, H.	Watkins, C.

## EERE LEDEN BENOEMD DOOR HET BESTUUR

De Wel-Ed. Gestrenge Heer Ewald Esselen L.W.R.  
De Wel-Ed. Gestrenge Heer Generaal J.C. Smuts, L.W.V.  
De Wel-Ed. Heer Gerrit R. Botha (Botha's Vrijwilliger Corps)  
De Wel-Ed. Heer, Generaal Koen Britz  
De Wel-Ed. Heer Thomas A. Kelly  
De Wel-Ed. Heer Dr. W.E. Bok  
De Wel-Ed. Heer Barnie Enslin.

Pretoria,  
20ste November, 1909.

Herbert G. Quin  
Secretaris.

(Manuskrip verskaf deur Mev. Doris Hafner aan Dr. N.A. Coetzee.)

# DIE BEGIN VAN “ROBERTS HEIGHTS” (Voortrekkerhoogte)

(deur Jan Ploeger)

## INLEIDING

Onder die fotokopieë van die dokumente van die Britse “Colonial Office” wat in die Transvaalse Argiefbewaarplek, Uniegebou, Pretoria, bewaar word, kom lêer C.O. 29771/01 voor onder die opskrif “Site for Cantonments and for Troops at Pretoria” (C.O. 291/32, deel 4, 1901; F.K. 922).

Op 28.8.1901 het, namens die Britse “War Office, G. Fleetwood Wilson, die korrespondensie in hierdie lêer, t.w. ’n skrywe van 19.7.1901 van die destydse Britse militêre opperbevelhebber in Suid-Afrika, lord Kitchener, aan die Britse Minister van Kolonies (mnr. J. Chamberlain) gestuur met die versoek om, indien hy geen beswaar het nie, sy toestemming te verleen dat die genoemde terrein aan die militêre autoriteite oorgedra word.

Op die lêeromslag is aangeteken:

“Reply that Mr. C. agrees to the transfer of a site for Cantonments at Pretoria on the conditions specified by Mr. Solomon. . . . H.L. (ambert) 28.8.”

Dié goedkeuring was die begin van die geskiedenis van die destydse “Roberts Heights”, tans bekend as Voortrekkerhoogte.

## LORD KITCHENER SE SKRYWE VAN 19.7.1901

Op 19.7.1901 het lord Kitchener, uit die militêre hoofkwartier, Pretoria, aan die Britse Minister van Oorlog (mnr. St. John Brodrick) geskryf dat hy sedert ’n geruime tyd die verkryging van ’n terrein vir huisvesting vir die troepe, wat uiteindelik op Pretoria gestasioneer sal word, sorgvuldig oorweeg het. Hy skryf vervolgens: “The necessary conditions are all fulfilled in a site south of Pretoria, coloured pink on the map herewith: and they are all fulfilled nowhere else in the neighbourhood.”

'n Sekere, verder ongenoemde, raad het die die terrein goedgekeur wat as ideaal beskou word deur die hoof van die mediese diens, die hoof van die veeartsenykundige diens en deur plaaslike en ander gesondheidsoutoriteite wat geraadpleeg is.

"I have also myself visited it and consider it in every way excellent", aldus lord Kitchener. Hy skryf verder dat die terrein 500 voet hoër as die stad lê en absoluut onbesmet is deur kampe of krale. Vanuit Pretoria kan die terrein maklik beheer word en aangesien dit aan die pad na Johannesburg lê, is dit maklik vandaar bereikbaar.

Lord Kitchener bepleit vervolgens dat 'n groot terrein vir die troepe gereserveer moet word om te voorkom dat ongewenste persone te nabij aan die kamp woon en daar voldoende ruimte vir skietbane beskikbaar sal wees. Die terrein is goewermentsbesit, maar daar bestaan geen besware teen die verwesenliking van die beoogde doel nie.

## DIE TERREIN

Uit 'n skrywe van genl.-maj. Sir Elliot Wood, hoofingenieur, S.A. Veldmagte, aan die administrateur van Transvaal van 13.7.1901 blyk dat bogenoemde versoek op 6.6.1901 deur genl. Wood aan die wetsadviseur van Transvaal (R. Solomon) gerig is. By hierdie skrywe voeg genl. Wood die beskrywing van die grense van die beoogde terrein. Ongelukkig ontbreek die reeds vermelde kaart, maar hier en daar kom sekere bekende punte voor:

Die *suidgrens* se verlengde sluit by die spoorlyn aan.

Die *westergrens* sluit by die omheining van die "Quagga Redoubt" aan.

Die "*noordgrens*" volg die militêre pad van die reeds genoemde versterking na 'n blokhuis (nr. 1) op dieselfde koppie, oor die poort na die omheining van blokhuis nr. 7, vandaar oor die kruin van die koppies van omheining tot omheining van blokhuisse nrs. 6, 4, 3 en 2 na die "Johannesburg"-blokhuis en dan in 'n regte lyn na die omheining van Schanskop en daarvandaan na die spoorlyn. Die verlengde van laasgenoemde lyn eindig 40 treë noord van die fort se pomphuis.

Aan die oostekant vorm die spoorlyn die grens.

## LORD MILNER: MEER BESONDERHEDE

In die skrywe van 18.7.1902, wat deur wetsadviseur R. Solomon aan die Hoë Kommissaris lord Milner gerig is, is verklaar dat die beoogde terrein ongeveer 2 000 morg beslaan, waarvan ongeveer 800 morg 'n deel vorm van die plaas Groenkloof nr. 419. Hierdie plaas is, met uitsondering van 'n strook langs die Apiesrivier, in 1884 deur aankoop vir £4 000 deur die regering van die Z.A. Republiek verkry. Laasgenoemde strook van ongeveer 9 akker, is op 20.8.1863 deur die eienaar, Lucas Cornelis Bronkhorst, aan die regering van die Z.A. Republiek oorgedra vir die aanleg van 'n watervoor vir Pretoria. Die totale oppervlakte van die plaas Groenkloof is 3 073 morg, waarvan ongeveer  $\frac{1}{4}$  deur die militêre ouoriteite benodig is.

Verder word vir dieselfde doel ongeveer 2 400 akker dorpsgrond benodig. Daar is geen beswaar dat die Transvaalse regering 'n deel van die dorpsgrond vir militêre doeleinades aan die Britse Departement van Oorlog oordra nie, maar die voorwaarde word gestel dat wanneer dit nie langer vir genoemde doeleinades benodig is nie, dit weer terugval aan die Transvaalse regering, aldus wetsadviseur Solomon.

**Goedkeuring verkry:** Op 26.10.1901 het minister Chamberlain aan minister Brodrick laat meegeel "that Mr. Chamberlain agrees to the transfer of the site marked on the map (which is returned herewith) to the Military Authorities for the purpose, on the conditions specified by Mr. Solomon."